



Lêerno.: 12/12/2/P  
Verwysing: 20211105-7371

Omsendbrief: 0001/2022  
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),  
Adjunkdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale, en Lede van  
beheerliggame by openbare skole

Kort opsomming: *Die rol van 'n minderjarige as stemregtige lid van die beheerliggaam.*

**Onderwerp: Die rol van 'n minderjarige as stemregtige lid van die beheerliggaam**

1. Ingevolge die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), Hoofstuk 2, artikel 17, word 'n kind, hetsy manlik of vroulik, 'n meerderjarige wanneer die ouderdom van 18 jaar bereik word. Dit beteken dat 'n kind jonger as 18 jaar nog minderjarig is.
2. Dit is belangrik om te onthou dat 'n minderjarige op die beheerliggaam van 'n openbare skool kan dien, op voorwaarde dat die minderjarige by die skool ingeskryf is en in 'n graad hoër as graad 7 is.
3. As 'n minderjarige 'n stemregtige lid van die beheerliggaam is, kan hy/sy al die spesiale en verpligte vergaderings, asook vergaderings van die reëlingskomitee van die beheerliggaam bywoon. 'n Minderjarige help ook om 'n kworum te bereik of dit tydens 'n vergadering van die beheerliggaam te bewerkstellig.
4. 'n Minderjarige wat 'n stemregtige lid van die beheerliggaam is, kan ook alle vergaderings van die komitees van die beheerliggaam waarvan hy/sy lid is, bywoon.
5. 'n Minderjarige wat 'n stemregtige lid van die beheerliggaam is, mag nooit versoek of opdrag gegee word om van 'n vergadering van die beheerliggaam of komitee te onttrek nie, en kan slegs versoek of opdrag gegee word om te onttrek omdat hy/sy minderjarig is,

of tensy hy/sy ingevolge artikel 26 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996) van die vergadering onttrek moet word. Ingevolge artikel 26 van die SASW, moet 'n lid van 'n beheerliggaam onttrek van 'n vergadering van die beheerliggaam vir die duur van die bespreking van en die besluitneming oor enige aangeleentheid waarby die lid 'n persoonlike belang het.

6. As 'n minderjarige, wat 'n stemregtige lid van 'n beheerliggaam is, en/of enige ander persoon wat 'n stemregtige lid van die beheerliggaam is, om watter rede ook al van 'n vergadering van die beheerliggaam moet onttrek, en nadat hy/sy van die vergadering onttrek het, dié stemregtige lede wat in die vergadering agterbly nie 'n kworum kan bereik nie, moet die vergadering nie toegelaat word om voort te gaan nie.
7. Let daarop dat 'n kontrak 'n skriftelike of gesproke ooreenkoms is wat regsgrondig is en dit die regte en pligte tussen sy partye omskryf en beheer; indirek is dit 'n formele en wetlik bindende ooreenkoms.
8. Ingevolge artikel 32 (1) van die SASW, mag 'n lid van 'n beheerliggaam, wat 'n minderjarige is, nie namens 'n openbare skool 'n kontrak aangaan nie. Verder bepaal subartikel 2 dat 'n lid van 'n beheerliggaam, wat 'n minderjarige is, nie mag stem oor besluite van 'n beheerliggaam wat aanspreeklikheid op derde partye of op die skool plaas nie. Die twee genoemde subartikels dui daarop dat 'n stemregtige lid van die beheerliggaam nie 'n wettige reg het om namens die openbare skool 'n regsgrondige ooreenkoms aan te gaan nie en/of nie 'n mosie voorstel in 'n vergadering van die beheerliggaam wat aanspreeklikheid op derde partye of op die skool plaas nie. Boonop mag 'n minderjarige nie 'n mosie in 'n vergadering van die beheerliggaam sekondeer wat aanspreeklikheid op derde partye of op die skool plaas nie/of mag nie stem oor die besluite van 'n beheerliggaam wat aanspreeklikheid op derde partye of op die skool plaas nie.
9. 'n Lid van die beheerliggaam, wat 'n minderjarige is, moet egter toegelaat word om tydens 'n vergadering van die beheerliggaam enige aangeleentheid te bespreek, daaroor te debatteer en insette te lewer, ondanks wat in punt 8 hierbo bedoel word, d.w.s. die bepalings in punt 8 *supra*, omskryf nie die reg van die minderjarige om aangeleenthede rakende kontrakte, aanspreeklikhede, ens., te bespreek nie.
10. Derhalwe kan 'n minderjarige, wat 'n stemregtige lid van 'n beheerliggaam is, op 'n komitee dien wat onderhoude voer of selfs as voorsitter optree, aan die debat en beraadslaging van die beheerliggaam deelneem om die werknemer by die Wes-Kaap Onderwysdepartement aan te beveel, en/of om die individu by die skool in diens te neem; maar as die kontrak met die werknemer beding word, mag die minderjarige nie aan die besluitnemingsproses deelneem nie.
11. 'n Lid van 'n beheerliggaam, wat minderjarig is, kan geen persoonlike aanspreeklikheid dra vir die gevolge van sy/haar lidmaatskap van die beheerliggaam nie.

12. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle lede van die beheerliggaam te bring.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2022-01-05